

## 19 Augustus

## 2 Konings 5:1-3, (Teks: 5:3)

### *Vir die Here is jy baie werd*

'n Mens kan partymaal so nutteloos voel. Jy voel asof jy vir niemand en niks meer iets werd is nie. Die vraag is egter of die Here ook so dink. Kyk maar in hierdie Skrifgedeelte hoe belangrik hierdie dogtertjie, wat volgens menslike oordeel vir niemand meer in tel was nie, vir die Here was. Sy moes 'n groot werk vir Hom doen.

In vers twee word sy beskryf as maar net 'n dogtertjie, iemand sonder naam. Nadat sy in 'n verwoestende strooptog wreed van haar familie en haar land weggeskeur is, is sy verkoop as bediende. Geleerdes van vandag sou sê dat die ontsettende skokke waardeur sy moes gaan, haar lewe verwoes het. So oordeel mense.

Die onbelangrikheid van die dogtertjie word in sterk kontras geteken met die belangrikheid van Naäman. Sy naam was op elkeen se lippe. Hy was 'n volksheld. Net soos Naomi beteken sy naam 'die lieflike' of 'beminde'. Hy is hoof van sy land se leër en selfs die koning van die Arameërs ag hom belangrik.

God kyk anders en dieper. God het geweet van sy siekte en Hy het die siekte oor Naäman beskik omdat Hy Naäman nodig gehad het. God wou nie deur die belangrikheid van hierdie man verheerlik word nie, maar deur sy siekte. En daarvoor gebruik Hy 'n naamlose klein dogtertjie, 'n bediendetjie.

In diens van die Here is niemand en niks te gering nie. Selfs al dink jy en ander mense jy is niks werd nie. Selfs 'n kombuis is goed genoeg vir die werk van die Here. 'n Kombuis is goed genoeg om vir die werk van die Here met 'n veggeneraal te praat. Vir die Here is jy nuttig. Jy is mos sy eiendom. Jou eienaar, Jesus Christus, het minder as 'n slaaf geword en sy lewe gegee om jou tot sy eiendom te maak. Jy is duur gekoop.

Sing: Psalm 107:1

Ds. G.J. Ligthelm (Olifantshoek)